
# Anker 4 - Feesdiens



Proponent Hanneke van Coller neem die Feesdiens waar.



Euodia, prys die Here, met haar pragtige stem.


NG Kerk Vier Ankers se

# Ankerglans

Uitgawe 20

Kwartaal 2 en 3 2019


## NEHEMIA -4 Ankers se Gemeentebou-Aksie

Die vissers is deur die hele gemeente. Besoeksessies vind nou by Ons Gryse Jeug, Van Riebeeck en Môre-Dou plaas. Die Nehemia-helpers het nette vol inligting na die kerkkantoor gebring. Die bestekopname was inderdaad 'n reuse taak. Die samewerking en vriendelikheid van die besoekpunte se inwoners en lidmate was werklik 'n vars briesie. Groot dank aan almal wat so gewillig deelgeneem het aan die bestekopname fase. Kerninligting soos e-posadresse, selfoonnommers en kontakbesonderhede gaan nou deel uitmaak van die 4-Ankers se elektroniese kommunikasienetwerk. Opgawes van gemeentelede se hulpaanbiedinge, asook beskikbaar gestelde talente word ook saamgestel. Dit was uit die besoeke baie duidelik dat 4 –Ankers se lidmate tot diens bereid is.

**Ankerleiers**

Die vier ankergebiede is nou duidelik gedefineer en word ook grafies voorgestel. Wyke binne die ankergebiede is ook gefinaliseer. Elke anker gaan nou oor 'n leier beraadslaag. Die volgende lidmate van die die Ankers naamlik: Anker 1 – **Dan Engelbrecht**, Anker 2 – **Willie Lombard**, Anker 3 – **Koos Marais**, Anker 4 – **Hans-Jurie Moolman gaan nou**. Die Ankerleiers, saam met kerkraadslede, gaan die vissers van hul wyke en Ankers wees. Nette gaan gedurig uitgegooi word om in voeling te bly met elke gemeentelid.

Met die vestiging van die Ankergebiede is die werk beslis nie afgehandel nie, maar is dit die begin van die verdere verfyning van die Kerkraadstrukture.

Nehemiaprojek het duidelik gewys dat gemeentelede 'n besondere behoefte het aan persoonlike kontak, versorging en liefde. Hulle wil nie net liefde ontvang nie, maar wil ook hul christelike liefde deel. Dit is dan ook binne die barmhartigheidsgebied waar 4 Ankers Gemeente intens beplan om die vermelde behoeftes aan te spreek. Die verdere vestiging van wyke asook die uitbreiding van kleingroepe geniet volle aandag. Die versorgingstake is net te veel om deur 'n kerngroep lidmate verrig te word. Elke lidmaat kan hiermee help volgens sy/haar talente.




Onderstenend

Br Hans-Jurie Moolman verwyder die doek van die vaandel